

# OKAPUTA 300 MYLER

## 2014

Die 300 myler behels uiterse deursettings vermoë, aangesien dit die moeilikste rit in Namibia is. Die 300 myl is soos 'n verslawing. Die tipe verslawing sal 'n raaisel bly want van slaap is daar maar min en by die derde dag is jy 'n robot. Die laaste dag is jy weer fris op en wakker want dit is die laaste dag einde is in sig. Grooms hou mekaar in die nag geselskap. Ai!! Om nie eers van die veeartse te praat nie. Eerstens is dit 'n ervaring om van die dag af na die nag te ry. Uit ondervinding skrik die perde minder omdat hul stelselmatig die donkerte gewoon raak.

Soos Joggie Jansen eenmaal opgemerk het “ kom maak 300 myl klaar en gesels dan eers saam om 'n kampvuur!!”.

Hierdie is 'n eerste vir Namibia – ons hoop om dit 'n instelling te maak – twee jaarliks. Die alternatiewe jaar is dit op Olifantshoek (RSA) weer.

Hiermee versoek ons almal om die reëls ingedagte te hou, moenie dit vir die organiseerders moeilik maak om teen die reëls op te tree nie. Indien jul onseker is vra eerder.

## Sommer net interessant

Joggie Jansen was die stigter van die eerste 300 Myl in RSA, hy is ook betrokke by hierdie eerste in Namibia.

Koot Jansen (Joggie se broer) het die meeste 300 mylers suksesvol voltooi

Robert Lord en Koot Jansen is die enigste ruiters wat die rit meer as 1 keer gewen het.

Tannie Heincke Hartman (oorlede nou – van Grootfontein) het die 300 myler al 2 keer voltooi en die derde keer was, Boet Grundeling op een van haar perde waarvan sy die groom was.

## AFSTANDE

60km;80km;120km en 300myl (480km) word aangebied.

Ons ry 30km, dan is dit ons eerste “vetcheck”. Daar sal 'n tent wees en lig en tydhouders. Almal wag ook daar met hul motors vir hul ruiters. By jou motor “groom” jy en jou perd “hold” ook daar.

Tien km(10km) verder sal daar iemand wees wat die 80km ruiters se nommers afmerk, daar draai jy om en ry terug huis toe. By die eerste vetcheck sal 'n “running” check gedoen word vir die 80's opad terug. Die res ry aan tot by hul volgende vet check op 60km by die omdraai punt. Almal se final vetcheck is dan by die huis.

So, sal dit elke aand werk, alhoewel ons twee bane het, alles werk dieselfde.

Ons sal alles mooi deurtrap Maandagaand tydens die baanbespreking.

Al die boere deur wie se plase ons ry en dit vir ons moontlik maak om die rit aan te bied asook hul krippe vir ons laat skoon maak.

Veeartse. Dit is die moeilikste rit wat aangebied word in **NAMIBIA** en ons is baie dankbaar vir hul ondersteuning en waardeer hul liefde vir die perde.

Al die ruiters grooms baie dankie vir jul ondersteuning ons weet dit is moeilik en vir sommiges sal dit 'n hartseer gebeurtenis wees maar deur julle kan ons die rit suksesvol aanbied. Moenie vra hoekom ons dit doen nie want ons doen dit vir die liefde vir die sport en soms weet ons ook nie hoekom ons dit doen nie.

Alle beamptes wat altyd bereidwillig is om te help sonder vergoeding. Julle wat jul werkstyd opoffer om hier te wees om ons perde sport te dien. Baie dankie!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!!

## IETS OOR DIE 300MYLER

1. Die perde uithourit is soos 'n leefwyse, dit is hard maar belonend in die sin dat dit 'n liefde vir diere kweek. Die sportsoort is 'n uitdaging vir perd en ruiter. Die afrigting en oefen neem al jou spaar tyd in beslag, en leer jou om met die perd te kommunikeer. 'n Ware uithourit ruiter leer om met sy hele hart liefde uit te deel. Elke ruiter wat 'n afstand voltooi is 'n wenner en ontvang 'n sertifikaat.

Die perd word soos 'n sielsgenoot wat jy al jou hartsgeheime mee deel al verskil dit kan nie terug praat en raad gee nie.

2. Om aan uithouritte of enige perde sport deel te neem ontwikkel jy sekere vaardighede. Dit is waarom dit vir gestremdes so waardevol is om perdry klasse te kan bywoon. Jou oordeelsvermoe kan met rasse skrede verbeter aangesien jy moet besluite op die pad neem want mamma en pappa is nie daar om dit vir jou te neem nie. Die ontwikkeling van bestuurs vermoë se verskillende fasette kry definitief 'n hupstootjie. Die belangrikste ontwikkeling van bestuurs vlakke is kommunikasie en kontrole. Ag 'n mens kan boeke skrywe oor al die voordele van perde sport en wat dit bydrae is tot menslike ontwikkeling.

3. Die ultra maraton uithourit (300 myler of 480 km) word in Olifantshoek in die Noord Kaap aangebied by KLK veilings kral. En nou ook op Okaputa naby Otjiwarongo in Namibia. Die logistiek en administrasie verbonde aan die rit is ongelooflik groot, vir die deelnemers, perde en organiseerders. Die rit word oor 'n tydperk van 4 dae aangebied.

4. Weens die warm dae word hierdie rit in die aand aangebied, wat nog 'n groter logistieke uitgawe is as die van 'n normale dag rit. Die vertrek van die ruiters is ongeveer 16H00 in die middag. Die Namibiese son is te warm vir die ruiters en perd. Uit ondervinding is dit bevind dat die perde makliker die donkerte aanvaar indien jy van lig na donker ry en minder skrik. Al die faktore maak van hierdie rit 'n uitsonderlike en unieke rit wat onbeskryflik is, asook soos verstaan een van moeilikstes is in Suider Afrika.

5. Tydens die rit word nie net 480km gery nie maar ook verskillende afstande wat wissel van 40km ,80km tot en met 120km in een dag, en elke dag kan met 'n ander perd ingeskryf word. Die 300myl rit behels 'n afstand van 120km vir 'n tydperk oor 4 dae vir die 300mylers, waarvoor sy perd elke dag die 120km afstand moet voltooi en met dieselfde perd die volle afstand van 480km (300myl) moet voltooi. Daarom kan die 300myl uithourit beskou word as die ultra maraton van perde uithouritte.

6. Die gesindheid van die rit kan nie vergelyk word met enige ander eendag ritte nie want die senuwees van ruiters en "GROOMS" word tot die uiterste beproef, daarom moet die beampies en organiseerders verseker dat 'n rustige atmosfeer geskep word. Die vure brand hoog en staaltjies van vorige gebeurtenisse word gedeel met nuut kommers, en glo my dit is 'n belewenis. Tydens so 'n rit is slaap maar 'n bysaak, want van perd tot administrasie moet afgehandel word. Dit is wat die rit uniek maak en eie aan sy soort.

7. Die ouers, familie of vriende van die ruiters speel 'n groot rol in hul lewe aangesien hul die "GROOMS" is en moet toesien dat die ruiters deurentyd gemaklik moet wees. Die "GROOMS" speel sielkundige, berader, dokter en sjef.

#### Tyd reëlings

Dinsdag 7 Oktober	Woensdag 8 Oktober	Donderdag 9 Oktober	Vrydag 10 Oktober
Inskrywings-13h00	Inskrywings-13h00	Inskrywings-13h00	Inskrywings-13h00
Vet checkongeveer - 14h00	Vet checkongeveer - 14h00	Vet check-ongeveer- 14h00	Vet checkongeveer- 14h00
Vertrek -16h00	Vertrek-16h00	Vertrek-16h00	Vertrek-16h00

**Onthou al die perde Vetcheck elke dag, alle afstande, en 300 mylers inklusief, dit is ter beskerming van die perd.**

#### NB!!!!MAANTYE

07/10	Sunrise:	05:30	Sunset:	17:52
	Moonrise:	18:03	Moonset:	05:29
08/10	Sunrise:	05:29	Sunset:	17:52
	Moonrise:	19:05	Moonset:	06:15

09/10	Sunrise:	05:28	Sunset:	17:53
	Moonrise:	20:06	Moonset:	07:01
10/10	Sunrise:	05:27	Sunset:	17:53
	Moonrise:	21:06	Moonset:	07:49

Enige vrae oor donker maan se ry patroon sal beantwoord word; sekere toegewings sal wel gemaak word indien dit donker maan is. Die voertuie kan dan saam met die perde, MAAR MAG NIE die pas aangee nie. **Die reeling is jy ry vooruit vir 'n bepaalde afstand en wag vir die perd.Bg toegewing is slegs vir donkermaan stukke.**

**Daar sal deurentyd koffie, tee en koeldranke te koop aangebied word, maar slegs op die ritbasis. Jul kan dan elke dag voorrade aanvul hier. Daar sal kos te koop wees, broodjies, hotdogs, ens.**

**Maandagaand is ons rit bespreking, dan sal daar 'n ete wees. So ook tydens die Prysuitdeling Saterdag oggend 12 uur. Pryse sal op die calculation sheet by die inskrywing wees op die website. ALLES moet daar gedoen word. **GEEN NUWE** inskrywings sal hanteer word op die rit nie.**

### **REMEMBER ACTIONS SPEAK LOUDER THAN WORDS**

#### **Organiseerders / Tug komitee**

Jan Fourie/Dawid Botha/Stuart Jacobs – 0813177181/0811284844/0811285411  
Oscar Lambert – Voorsitter van klub en Hoof tydhou beampte

#### **DIE UITHOURITREëLS – NERA REELS SAL GELD TE ALLE TYE**

#### **EN NEEM KENNIS VAN DIE VOLGENDE:**

1. Novice perde ook welkom
2. Bloed mag en kan te enige tyd getrek word indien ongeruimdheid vermoed word.
3. Enige aanduidings van mishandeling, swak humeur of nalatigheid aan die kant van die ruiters, mag genoeg rede gee tot sy diskwalifikasie.
4. Geen perde mag uit die rit onttrek word sonder die toestemming van 'n veearts nie.
5. Die mening en opinie van die veearts en beamptes sal finaal wees in alle sake rakende die perde.
6. Die ruiters moet die neergelegde roete volg.
7. Die maksimum rytyd is 8km/h
8. Rook is verbode op die roete
9. Harde hoede is verpligtend vanaf aankoms op die rit.
10. Elke afstand moet bereide begin en bereide eindig.
11. Verpligte houstelsel - Perde moet binne 20 min "gevet" word van aankoms en daarna 25 min rus voor vertrek.

12. Perde moet perdesiek en perde griep gespuit wees. Perde griep 6 maandeliks na eerste kursus en jaarliks perde siek.

13. Indien u twyfel oor 'n insident vra gerus. Onkunde is nie 'n verskoning nie.

14. Dankie vir u samewerking.

**Met 'n traan neem ons afskeid van mekaar, want bande is gebou en hartseer was gedeel, almal kry swaar en die tydelike familie ontbind tot die volgende keer!**

**Die laas maar nie die minste: Dank ons, ons Hemelse Vader vir sy bystand en ondersteuning vir die koms en terug keer, vir almal tydens die rit.**